



**Bid en jou gebed
word verhoor.**

Matteus 7: 7-12

Ons is al so gewoon aan slegte dienslewering.
Maar luister wat sê God:

1. "Vra en vir julle sal gegee word.
2. Soek en julle sal kry, klop en vir julle sal oopgemaak word".

God se dienslewering is ongelooflik. Maar om van Hom te ontvang is nie altyd moeiteloos nie. God beloof nie resultate sonder werk nie, Hy beloof resultate.

Die eerste is: *"vra en vir julle sal gegee word.*

Hier is die soeker passief. Hy vra net en maak so sy behoefte bekend. Dit is die stem van die hulpelose, die een in 'n hospitaalbed, die een wie se krag opgeraak het. Dis die stem van die een wat nie sy saak in sy eie hande het nie, soos siekte en operasie. Soms het ons nodig om net te vra en selfs dan weet God alreeds wat ons nodig het.

Ander kere verwag God dat ons sal klop. Ons kan in 'n hospitaalbed lê maar daar sal bietjie meer moeite van ons verwag word want Hy gee ons die

krag daartoe. Ons moet opstaan en na die plek gaan waar ons sal klop voordat ons ontvang. Antwoorde op ons vrae, verwerking van ons probleme, aanvaarding van ons omstandighede.

Ander kere verwag God dat ons sal soek. En ook dit kan iemand in 'n siekbed wees. Hierdie is die meeste moeite wat ons kan doen om iets te kry. Dit klink amper asof ons dit self moet verdien en tog is dit Jesus Christus wat hierdie woorde oor "geestelike skatte" uitspreek. Hy is altyd deel van ons soektog. Hy lei ons en maak ons oë oop. Hy gee ons insig en verstand. En ons mag ook bid vir genesing en herstel. Hy kan dit aan ons gee.

Hy gee aan ons veel beter as enige aardse vader. Wie weet beter as God wat ons nodig het?



Publikasie
Publication



Nr./No.: H38